education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

# GESKIEDENIS V1

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 UUR**

**Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is in hierdie vraestel gebruik om kandidate te assesseer:

| **Leeruitkomste** | **Assesseringstandaarde<br>Leerders kan die volgende doen:** |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | **1.** Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie).**<br><br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie).**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br><br>3. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van steriotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.<br><br>4. Dra kennis en begrip skriftelik oor. |

**1.2 Die volgende vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:**

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V 1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V 2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V 3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van steriotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

**1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, redenasies, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet bepaal word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. UITGEBREIDE SKRYWE

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op die volgende vlakke:

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| **Vlak 1**<br><br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die vraag uiteengesit word.<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br><br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die ope-end brongerigte vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

**Assesseringsprosedures van uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n koeëlpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (ook aangedui met 'n koeëlpunt), 'n relevante slotopmerking (ook aangedui met 'n koeëlpunt). By 'n antwoord waar daar 5 hoofmomente is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

    - Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
    - verkeerde stelling ___________
    - irrelevante stelling |
    - herhaling **R**
    - analise **A**√
    - interpretasie 1√

4. Die matriks

**4.1 Die gebruik van ‘n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. ‘n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en die **inhoudsvlak** (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken ‘n finale punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 18-19 |
| A | VLAK 5 | |

**4.2 Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk(verwys na bl. 8)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| | | |
|---|---|---|
| I & A | VLAK 5 | 18 - 20 |

## Graad 12 Analitiese matriks vir uitgebreide skryfwerk: Puntetotaal: 30

| **AANBIEDING** / **INHOUD** | **VLAK 7** Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | **VLAK 6** Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 5** Skrywe gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. | **VLAK 4** Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om te ondersteun.Oorspronklike slotsom bereik. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | **VLAK 3** Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik as ondersteuning. Slotsom bereik op grond van getuienis.Skrywe gestruktureer. | **VLAK 2** Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/gepoog om argument te ontwikkel. | **VLAK 1** Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 27-30 | 24-26 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is | 24-26 | 23 | 21-22 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21-22 | 20 | 18-19 | | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord.Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 18-19 | 17 | 15-16 | | |
| **VLAK 3** Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15-16 | 14 | 12-13 | |
| **VLAK 2** Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12-13 | 11 | 9-10 |
| **VLAK 1** Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemaal irrelevant. | | | | | | 9-10 | 0-8 |

## Graad 12 Holistiese Rubriek om uitgebreide skryfwerk te assesseer (bv. Verslag, nuusberig, ens.)

| VLAK | Indien die kandidaat **alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.** |
|---|---|
| **7<br>Uitstekend<br>80 – 100%<br>24 - 30** | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie bloot bronne te lys nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar vanpas, word teenargumente volledig aangespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **6<br>Verdienstelik<br>70 – 79%<br>21 - 23** | Wend goeie poging aan om volhoudend te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Moontlike gebrek aan diepte van algemene fokus of verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>Indien van toepassing, poog om teen-argument te oorweeg<br>Ietwat oppervlakkig of poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **5<br>Substantief<br>60 – 69%<br>18 - 20** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp meeste van die bronne<br>Gebruik meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Goeie gebruik van getuienis uit die bronne<br>Goeie poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Goeie poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking, maar met foute<br>'n Grootliks onoortuigende poging om standpunt in te neem (beperkte poging om oorspronklike slotsom te bereik) |
| **4<br>Gemiddeld<br>50 – 59%<br>15 - 17** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking toereikend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3<br>Toereikend<br>40 – 49%<br>12 – 14** | Swak poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Geen of baie swak poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2<br>Elementêr<br>30 - 39%<br>09 - 11** | Gebruik slegs een of twee bronne<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie (waar van toepassing)<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, of glad nie |

| | |
|---|---|
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0 – 29%**<br>**0 - 8** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Antwoord uiters swak |

## <u>VRAAG 1</u>: HOE HET BERLYN GEDURENDE DIE KOUE OORLOG DIE SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) VERHOOG?

Bestudeer Bronne 1A, 1B en 1C.

1.1

1.1.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1A* - V1-LU1 (AS 3)]

- Het probeer om die muur oor te steek
- Oorloper 2 x 1 = (2)

1.1.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1A* – V1-LU1 (AS 3)]

- Om te verhoed dat mense na Wes-Berlyn oorloop
- Om die invloed van Kapitalisme te stuit
- Enige ander relevante antwoord 2 x 1 = (2)

1.1.3 [*Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 1A* – V2 & 3-LU1 (AS 3)]

- Impak van die spanning
- Berlynse krisis
- Gevolge van die krisis
- Enige ander relevante antwoord 3 x 1 = (3)

1.1.4 [*Verduideliking en evaluasie van inligting uit Bron1A* - V2 – LU1 (AS 4)]

- Ekonomiese redes – armoede
  – werkloosheid
  – die soeke na groener weivelde
- Politieke redes – ongelukkig oor die politieke stelsel
  – glo nie in Kommunisme nie
- Enige ander relevante antwoord 3 x 1 = (3)

1.1.5 [*Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron1A* - V3-LU1 (AS 3 & 4)]

- Dui op die brutaliteit van die muur
- Wys hoe hulle oorlopers behandel het
- Dui aan hoe intens die Berlynse krisis was
- Dui op die prys wat die slagoffers moes betaal
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

1.2

1.2.1 [*Interpretasie en ontleding van inligting uit Bron1B* – V2 & 3- LU1 (AS 3)]

- 1960 – Tweehonderdduisend mense beweeg van Oos na Wes
- 1962 – Daal tot minder as vyftigduisend 2 x 2 = (4)

1.2.2 [*Verduidelik deur gebruik van Bron 1B* - V1- LU2 (AS 1 & 2)]

- In 1953.
- Die dood van Stalin
- Bewind van Nikita Khrushchev. 2 x 2 = (4)

1.3

1.3.1 [*Interpretasie en evaluasie van Bron 1C* - V1-LU1 (AS 3)]

**Geregverdig**

- Khrushchev wou Oos-Berlyn van Wes-Berlyn afskei
- Hy wou die groei van Kapitalisme stuit
- Enige ander relevante antwoord

**Nie geregverdig nie**

- Hy het mense van dieselfde afkoms van mekaar geskei
- Dit het die VSA bedreig aangesien hulle nog 'n blokkade verwag het
- Enige ander relevante antwoord 3 x 1 = (3)

1.3.2 [*Ontleding van die inligting uit Bron1C* - V2-LU3 (AS 2)]

- Wes-Duitsland was beter as Oos-Duitsland
- Die Oos-Duitsers het hulle mede-Duitsers in die Weste vir hulle lewenstyl en geleenthede beny
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

1.3.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1C* - V2 & 3-LU1 (AS 3) LU2 (AS 2)]

- Hulle het nog 'n Berlynse Blokkade verwag
- Hulle het nie verwag dat Oos-Berlyn van Wes-Berlyn afgesny sou word nie
- Enige ander relevante antwoord 2 x 1 = (2)

1.3.4 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne1B en 1C* - V3-LU2 (AS 3)]

- Beide bronne gaan oor Oos- en Wes-Berlyn. Bron 1B kyk na die aantal oorlopers in grafiekvorm, terwyl Bron 1C gaan oor die konstruksie van die Berlynse muur. 2 x 2 = (4)

1.3.5 [*Interpretasie en evaluasie van inligting uit Bron 1C* - V3-LU1 (AS 3)]

- Om die groei van Kapitalisme te stuit
- Om die Ideologiese Oorlog te wen
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

1.3.6 [*Interpretasie, ontleding van die inligting en sintese van bewyse uit alle Bronne* - V2- LU1 (AS 3); LU2 (AS 1, 2 & 3); LU3 (AS 1, 3 & 4)]

- Oos-Duitsland was kommunisties
- Wes-Duitsland was kapitalisties
- In Wes-Berlyn was die winkelrakke vol luukse goedere
- Oos-Berlyn het swaargekry en het geen winkels met luukshede gehad nie
- Talentvolle en kundige werkers het na Wes-Berlyn toe gestroom
- Oos-Berlyn was onproduktief met nie-talentvolle en onkundige werkers
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse uit die bronne trek nie of doen dit op 'n baie elementêre wyse<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Trek oorwegend relevante bewyse uit bronne wat grootliks betrekking het op die onderwerp<br>• Maak op 'n baie basiese wyse gebruik van bewyse uit die bronne | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit die bronne<br>• Bewyse het duidelik betrekking op die onderwerp<br>• Bewyse uit die bronne word effektiewelik gebruik in 'n beplande paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp | Punte: 4 – 6 |

(6)

## 1.4 UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.4.1 [*Ontleding, interpretasie en sintese van bewyse uit alle bronne*
V3 - LU1 (AS 3 & 4); LU2 (AS 1, 2 & 3); LU3 (AS 1, 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate behoort te verduidelik hoe Berlyn die simbool geword het van die spanning en verdeling gedurende die Koue Oorlog tussen die USSR en die VSA.

HOOFMOMENTE

- Inleiding:Kandidate moet sê hoe Berlyn spanning tussen die USSR en die VSA verhoog het.
- Uitbreiding
- Ideologiese tweestryd (botsing) – breë raamwerk
- Verdeeldheid van Duitsland/Berlyn
- Konstruksie van die Berlynse Muur
- Vorming van Navo en die Warskou Verdrag
- Slot: Kandidate behoort hulle argument met ‘n relevante slotsom saam te vat. (30)

**OF**

1.4.2 [*Ontleding, interpretasie en sintese van bewyse uit alle bronne*
V3 - LU1; (AS 3, 4); LU2 (AS 1, 2 & 3); LU3 (AS 1, 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate moet spesifiek wees en moet hul antwoorde met relevante bewyse staaf.
Antwoorde moet fokus op hoe die toestande in Belyn die lewens van gewone mense geraak het.

HOOFMOMENTE

- Inleiding: Kandidate moet hul standpunt stel en sê hoe hul die standpunt gaan steun.

UITBREIDING

- Fokus op die Koue Oorlog en die gevolge daarvan.
- Hoe die kandidaat geraak is deur die verdeling.
- Impak op die gewone burgers van Berlyn
- Hoe gewone mense polities en ekonomies geraak is
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat deur te fokus op die impak en die pad vorentoe. (30)

**[75]**

**<u>VRAAG 2</u>: HOE HET DIE SOSIO-EKONOMIESE EN POLITIEKE UITDAGINGS DIE STRYD OM UHURU IN AFRIKA IN DIE 1960's EN 1970's GERAAK?**

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 [*Verduideliking uit Bron 2A* - V1-LU2 (AS 1)]

A
- Heerser met onbeperkte mag
- Staatshoof met die hoogste sosio-ekonomiese en politieke mag
- Heerser wat oor absolute magte beskik, bv. wetgewende, uitvoerende en juridiese magte
- Enige ander relevante antwoord 2 x 1 = (2)

B
- 'n Soewerein (heerser) oor 'n koninkryk
- 'n Soewerein (heerser) met hoër rang as 'n koning
- Enige ander relevante antwoord 2 x 1 = (2)

2.1.2 [*Ontleding van inligting uit Bron 2A.*
V2 - LU1 (AS 3); LU2 (AS 1)]

- Stafhoof van die Sentraal-Afrika Republiek wat president David Dacko in 1965 met 'n onbloedige staatsgreep ontsetel het
- Het die keiser en diktator geword van die Sentraal-Afrika Republiek wat berug was vir sy gruwelike wreedheid teenoor mense
- Bekend vir die plundering van sy land se rykdom, sy gierigheid en sy taktiek om alle opposisie tee elimineer
- Het homself in 1972 tot president verklaar
- Het homself as Keiser bekroon in 'n peperduur seremonie waarvoor Frankryk betaal het in ruil vir uraan Enige 2 x 2 = (4)

2.1.3 [*Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 2A* -V2 & 3 – LU1 (AS 3 & 4); LU3 (AS 1 & 2)]

- Akkuraat
- Diktatorskap het sommige Afrika-leiers daartoe in staat gestel om rykdom te versamel
- Geld is op spoggerige projekte verkwansel wat geen voordeel ingehou het vir die gewone mense nie
- Sommige Afrika-leiers het opgetree in die belang van voormalige koloniale magte (as gevolmagtigdes of surrogate)
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

2.1.4 [*Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 2A -* V3 - LU1 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Frankryk het vir Jean Bokassa finansieel ondersteun
- Frankryk het nie Jean Bokassa se duur lewenstyl veroordeel nie
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

2.2

2.2.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2A* - V3 - LU1 (AS 3)]

- Om armoede in sukkelende lande te verlig
- Om lande te befonds
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

2.2.2 [*Interpretasie en evaluasie van inligting uit die Bron* V3 - LU1 (AS 3, 4)]

- Die weermag
- Die IMF en die Wêreldbank, NAVO.
- Die groep mense wat aan bewind was 3 x 1 = (3)

2.2.3 [*Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument saam te stel* V3 - LU1 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Gebrek aan finansiële hulpbronne om ontwikkelingsprojekte te fundeer
- Versuim om regdeur die 1960's en 1970's vir invoere te betaal
- Korrupsie en onbevoegdheid 2 x 2 = (4)

2.2.4 [*Interpretasie en ontleding van inligting uit die Bron* V2 - LU1 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Daar is ekonomiese krisisse in Afrika.
- Daar is korrupsie en wanbesteding.
- Korrupte leiers bly aan bewind deur van die weermag gebruik te maak.
- IMF en die Wêreldbank is in beheer van Afrika.
- Enige ander relevante antwoord Any 2 x 1 = (2)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron*- V1 – LU1 (AS 1)]

- Gouekus 2 x 1 = (2)

2.3.2 [*Interpretasie, evaluasie en sintese van inligting uit Bron 2C* - V3 - LU1 (AS 3); LU3 (AS 1, 2)]

- Die bron bevat bewyse dat vreemde oorheersing op Afrikane afgedwing is.
- Daar is bewyse dat Afrika se hulpbronne deur koloniale magte geplunder is.
- Daar is hongersnood, siektes en 'n gebrek aan noodsaaklike dienste.
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

2.3.3 [*Interpretasie en evaluasie van inligting uit die Bron.* V3 - LU1 (AS 3, 4); LU2 (AS 2)]

- Die koloniale meesters het Afrika se hulpbronne geplunder.
- Koloniale magte se beloftes van onafhanklikheid is nie vervul nie.

- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

2.3.4 [*Ontleding, interpretasie en sintese van bewyse uit alle bronne* V2 – LU1 (AS 3 & 4); LU2 (AS 1, 2 & 3); LU3 (AS 1, 2, 3 & 4)]

- Afrika het meer vervalle geraak.
- Noodsaaklike dienste is nie verskaf nie.
- Die plundering van Afrika se hulpbronne met wanrespek en minagting. (6)

Gebruik die volgende om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse uit die bronne trek nie of doen dit op 'n baie elementêre wyse<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Trek oorwegend relevante bewyse uit bronne wat grootliks betrekking het op die onderwerp<br>• Maak op 'n baie basiese wyse gebruik van bewyse uit die bronne | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit die bronne<br>• Bewyse het duidelik betrekking op die onderwerp<br>• Bewyse uit die bronne word effektiewelik gebruik in 'n beplande paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp | Punte: 4 – 6 |

## 2.4 UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.4.1 [*Ontleding, interpretasie en sintese van bewyse uit alle bronne*
V1 – 3 - LU1 (AS 3 & 4); LU2 (AS 1, 2 & 3); LU3 (AS 1, 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate moet die politieke en sosiale beperkings bespreek wat Afrika-state sedert onafhanklikheid in die gesig gestaar het.

HOOFMOMENTE

- Inleiding: Kandidate moet fokus op hoe die politieke en sosiale faktore groei en ontwikkeling gestrem het in die nuut-onafhanklike Afrika-state.

UITBREIDING

- Westerse politieke stelsel
- Eenpartyregering
- Militêre diktatorskap
- Etniese stryd
- Burgeroorlog
- Streeksregering
- Swak onderwysstelsel
- Swak gesondheidsdienste
- Siektes en wanvoeding
- Gebrek aan vaardighede en personeel/ beamptes
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat/bind. (30)

**OF**

2.4.2 [*Ontleding, interpretasie en sintese van bewyse uit alle bronne*
V1 - 3; LU1 (AS 1 & 2); LU2 (AS 1, 2 & 3); LU3 (AS 1, 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate moet saamstem met of verskil van die stelling.
Indien hulle met die stelling saamstem, moet kandidate bespreek hoe lande, spesifiek die Westerse Wêreld, bygedra het tot die onderontwikkeling in onafhanklike Afrika-state.
Indien hulle van die stelling verskil, moet kandidate hul argument staaf.

HOOFMOMENTE

Inleiding: Kandidate moet bespreek hoe die voormalige koloniale magte perke gestel het op Afrika se ekonomiese groei en ontwikkeling sedert die 1960's.

UITBREIDING

- Kontantgewasse
- Gebrek aan kapitaal
- Neo-kolonialisme
- Massiewe skuld
- Program van strukturele aanpassing
- Enkelproduk-ekonomie
- Burgeroorlog
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slotsom.

(30)
**[75]**

**<u>VRAAG 3</u>: WATTER INVLOED HET MARTIN LUTHER KING JR. EN MALCOLM X GEHAD OP BURGERLIKE PROTESBEWEGINGS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's?**

3.1

3.1.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3A* - V1 – LU1 (AS 3); LU2 (AS 2); LU3 (AS 2)]

- Vreedsame verset 2 x 1 = (2)

3.1.2 [*Verduideliking uit Bron 3A* - V1 - LU2 (AS 1)]

- Stemreg
- Reg tot vryheid van spraak
- Reg tot vrye assosiasie 2 x 2 = (4)

3.1.3 [*Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 3A* - V1 & 2 - LU1 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Dit beteken dat hulle nie gewelddadig moet reageer op onderdrukking gedurende die vryheidstryd nie.
- Enige ander relevante inligting 2 x 2 = (4)

3.1.4 [*Verduideliking van Bron 3A* - V1 & 2 - LU1 (AS 3); LU2 (AS 3); LU3 (AS 2)]

**Gepas**

- Sy benadering het geweld vermy.
- Hy was konstruktief.
- Sy benadering is deur blankes sowel as swartes aanvaar.
- Enige ander relevante antwoord

**Nie gepas nie**

- Sy benadering was te gematig terwyl die onderdruktes aanhou ly het.
- Martin Luther King het nie veel druk uitgeoefen op die sisteem nie.
- Sy benadering het aanklank gevind by die middelklas stedelike swart Amerikaners, nie by die meerderheid wat in die ghettos gewoon het nie. Enige 2 x 2 = (4)

3.2

3.2.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B* - V2 - LU1 (AS. 3); LU3 (AS 2)]

- Dit bevestig dat die protes plaasgevind het.
- Die Ku Klux Klan en die blanke burgerraad was albei gewelddadige organisasies.
- Die Ku Klux Klan en die blanke burgerraad het albei geweld gebruik om die Burgerregteprotesteerders aan te val.
- Enige ander relevante antwoord 3 x 1 = (3)

3.2.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B* - V2 - LU1 (AS 3); LU2 (AS 2)]

- As hulle die Ku Klux Klan nie-gewelddadig maak, sal ek nie-gewelddadig wees.
- As hulle die Blanke Burgerraad nie-gewelddadig maak, sal ek nie-gewelddadig wees (Toespraak deur Malcom X aan studente van Mississippi in 1964) 2 x 1 = (2)

3.2.3 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 3A & 3B* – V1, 2 & 3 – LU1 (AS. 3); LU2 (AS 3)]

Malcolm X se benadering:

- Radikalisme is al manier waarop die VSA gedwing kan word om konstitusionele regte aan swartes toe te staan.
- Sy benadering het meer druk geplaas op die sisteem.

Martin Luther King se benadering:

- Geweld is nie die regte manier om probleme op te los nie.
- Geweld is destruktief.
- Dis onaanvaarbaar om volgelinge aan gevaarlike situasies bloot te stel. 2 x 2 = (4)

3.2.4 [*Verduideliking* - V1 & 2 - LU2 (AS 2 & 3)]

**Geregverdig**

- Ku Klux Klan was ‘n gewelddadige anti-swart organisasie.
- Ku Klux Klan het geweld gepleeg sonder vrees vir vervolging.

**Nie gereg verdig nie**

- ‘n Mens kan nie geweld kondoneer nie.
- Mense is aangehits om geweld te pleeg.
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

3.3

3.3.1 [*Interpretasie en evaluasie van inligting uit die Bron* V3 - LU1 (AS. 3)]

- Georganiseerde protes en demonstrasies waar studente in 'n spesifieke publieke area sit waar hulle nie mag wees nie en weier om weg te gaan.
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

3.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B* - V2 - LU1 (AS 3); LU2 (AS 2)]

- Publieke plekke is gedesegregeer.
- Protesteerders toon vasberadenheid en eenheid.
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

3.3.3 [*Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 3B -* V2 & 3 - LU1 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Dit is 'n sigbare bewys van mense wat deelneem aan 'n sitstaking.
- Die bron noem dat die protesteerders Afrikastudente is.
- Enige ander relevante antwoord 2 x 2 = (4)

3.4 [*Ontleding, interpretasie en sintese van bewyse uit bronne -* V3 – LU1 (AS 3); LU2 (AS 1); LU3 (AS 2)]

- Groot opmars na Washington DC.
- Martin Luther King het die opmars gelei.
- Het sy beroemde "Ek het 'n droom" toespraak gelewer.
- Die opmars was gemik teen segregasie.
- Die opmars was oor menseregte.
- Die opmars het die aandag van die wêreld getrek. (6)

Gebruik die volgende om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse uit die bronne trek nie of doen dit op 'n baie elementêre wyse<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Trek oorwegend relevante bewyse uit bronne wat grootliks betrekking het op die onderwerp<br>• Maak op 'n baie basiese wyse gebruik van bewyse uit die bronne | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit die bronne<br>• Bewyse het duidelik betrekking op die onderwerp<br>• Bewyse uit die bronne word effektiewelik gebruik in 'n beplande paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp | Punte: 4 – 6 |

## 3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

3.5.1 [*Ontleding, interpretasie en sintese van bewyse uit alle bronne*
V1 – 2- LU1 (AS 3 & 4); LU2 (AS 1, 2 & 3); LU3 (AS 1, 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate moet die vorms van burgerregteverset verduidelik en die mate waartoe hulle die politieke situasie in die VSA geruk het.

HOOFMOMENTE

Inleiding: Kandidate moet fokus op die vorms van burgerregteverset.

UITBREIDING

- Wetlike roete/ uitdaging tot segregasie en rassisme.
- Boikotte
- Sitstakings
- Vryheidsritte
- Massa-optogte
- Oproer
- Plakkaatstaking (Picketing)
- Stemregistrasie
- Black Panther en die rol van Malcolm X
- Terug-na-Afrika beweging (Back to Africa movement) evalueer mislukkings en suksesse

- Slot: kandidate moet hul argument saamvat deur vorms van verset krities te evalueer. (30)

**OF**

Kopiereg voorbehou 

3.5.2 [*Verduideliking, ontleding, sintese en interpretasie*]
V1 – 2 - LU1 (AS. 3); LU2 (AS 1 & 2); LU3 (AS 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate moet die rol en impak van Martin Luther King se toespraak verduidelik, die reaksie van ander burgerregtebewegings en die VSA se regering.

- Hoop vir Vreedsame Amerika.
- Teen segregasie en rassisme.
- Vir gelykheid.
- Strewe na konstitusionele hervorming.
- Rasse-eenheid.
- VSA regering reageer konstruktief.
- Toegelate wetlike optrede om die probleme op te los.
- Ander burgerregtebewegings was nie gelukkig oor die benadering nie.
- Hulle verkies radikalisme
- Black Panther.

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat deur tot 'n oorspronklike slotsom te kom. (30)

**[75]**

**VRAAG 4: WATTER BYDRAE HET STEVE BIKO EN DIE SWART BEWUSTHEIDSBEWEGING GELEWER TOT DIE VRYHEIDSTRYD IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970'S?**

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 [*Verduideliking* - V1 - LU2 (AS 1); LU3 (AS 2)]

a.

- Filosofie wat trots en waardigheid by die swartman gekweek het.
- Filosofie wat swartes geestelik bemagtig het.
- Filosofie wat die gedagtes van swartmense wou bevry.

1 x 2 = (2)

b.

- Vryheid
- Gelykheid
- Onafhanklikheid
- Uhuru 1 x 2 = (2)
- Enige ander relevante antwoord

4.1.2 [*Interpretasie en ontleding van inligting uit Bron 4A* - V2 – LU1 (AS 3)]

- Om erkenning as swartman te ontvang.
- Om die swartman se verlore persoonlikheid/identiteit te herbou.
- Om terug te keer na sy wortels
- Enige ander relevante antwoord 2 x 1 = (2)

4.1.3 [*Interpretasie en evaluasie uit die Bron* - V3 - LU1 (AS 3)]

- Heeltemal verslane.
- Slaaf.
- Het onderdrukking aanvaar.
- Het sy persoonlikheid/identiteit verloor.
- Enige ander relevante antwoord 2 x 1 = (2)

4.1.4 [*Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 4A* - V1 & 2 - LU1 (AS 3); LU2 (AS 3); LU3 (AS 3)]

- 'n Swartman moet vir homself opstaan.
- Hy moet sy beskadigde persoonlikheid/identiteit herbou.
- Hy moet op sy eie voete staan en homself verdedig.
- Hy moet wakker word en anderkant toe kyk. 2 x 2 = (4)

4.2

4.2.1 [*Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron* 4B – V2 – LU1 (AS 3 & 4); LU3 (AS 2 & 3)]

- Doen aftrek aan die stryd teen apartheid.
- Bevorder rasse-eksklusiwiteit. 2 x 1 = (2)

4.2.2 [*Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 4B -* V1 & 2 – LU1 (AS 3); LU2 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Dit wou mense van mekaar skei.
- Verdeel en regeer (Divide and rule).
- Bevordering van rassisme 2 x 2 = (4)

4.2.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron* – V2 & 3 – LU1 (AS 3); LU2 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Swartes is as minderwaardig beskou.
- Selfvertroue is verloor.
- Oorbewoning
- Arbeid **(Any two)** 2 x 2 = (4)

4.2.4 [*Verduideliking uit Bron 4B* – V1 & 2 - LU1 (AS 3); LU2 (AS 3); LU3 (AS 2 & 3)]

Geregverdig

- SASO is deur swart studente gestig.
- SASO het baklei vir die belange van slegs swart studente.

Nie geregverdig

- Swart studente het gevoel dat NUSAS, gelei deur blanke studente, teen hulle gediskrimineer het.
- Swart studente se probleme was verskillend van dié van blanke studente. 2 x 2 = (4)

4.3 Bestudeer Bron 4C
[*Interpretasie van bewyse uit Bron 4C* - V1 & 2 – LU1 (AS 3); LU3 (AS 2 & 3)]

4.3.1

- Het die staat teengestaan en het mense aangemoedig om in opstand te kom teen die staat.
- Hy was 'n vryheidsvegter.
- Daar was geen vryheid van spraak nie.
- Swartmense is onderdruk.
- Enige ander relevante antwoord 2 x 1 = (2)

4.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit bron* – V1 & 2 - LU1 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Die kettings aan sy arms simboliseer swaarkry wat hom ontneem het van vryheid van keuse.
- Die handboeie op sigself dui op skending van vryheid, daarom probeer hy hulle breek.
- Enige ander relevante antwoord 1 x 3 = (3)

4.3.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 4C* - V2 & 3 – LU1 (AS 3); LU2 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Die S.A. regering het negatief gereageer.
- Biko is in hegtenis geneem.
- Biko het gesterf aan die hande van die regering se polisiemag.
- Biko is tot die dood gemartel.
- Enige ander relevante gedagte 2 x 2 = (4)

4.3.4 [*Interpretasie van bewyse uit die bron* - V2 - LU1 (AS 3); LU3 (AS 2)]

- Dui die toestande aan in die 1970's.
- Gee 'n aanduiding van hoe Biko gemartel is.
- Maak dit moontlik vir 'n historikus om eertydse en huidige regeringsbeleid en beginsels te vergelyk.
- Vorm 'n basis vir ondersoek na gebeure wat gelei het tot die Soweto oproer.
- Enige ander relevante antwoord (Any one) 2 x 2 = (4)

4.3.5 [*Ontleding, interpretasie en sintese van bewyse uit bronne* V3 - LU2 (AS 1); LU3 (AS 2)]

- Inhegtenisname
- Gevange gehou
- Gemartel
- Aangerand
- Sterf in 1977.

Gebruik die volgende om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | ● Kan nie bewyse uit die bronne trek nie of doen dit op 'n baie elementêre wyse.<br>● Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | ● Trek oorwegend relevante bewyse uit bronne wat grootliks betrekking het op die onderwerp.<br>● Maak op 'n baie basiese wyse gebruik van bewyse uit die bronne. | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | ● Onttrek relevante bewyse uit die bronne<br>● Bewyse het duidelik betrekking op die onderwerp.<br>● Bewyse uit die bronne word effektiewelik gebruik in 'n beplande paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp. | Punte: 4 – 6 |

(6)

## 4.4 UITGEBREIDE SKRYFWERK

4.4.1 [*Verduideliking, ontleding, sintese en interpretasie*
V1 – 2 - LU1 (AS 3); LU2 (AS 1 & 2); LU3 (AS 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate moet die rol en invloed van die Swart Bewustheidsbeweging bespreek.

HOOFMOMENTE

Inleiding: Kandidate moet bespreek watter bydrae die Swart Bewustheidsbeweging gelewer het tot die vryheidstryd in Suid-Afrika.

UITBREIDING

- Totstandkoming van nuwe organisasie vasberade om swart bevryding te bevorder.
- Het swartes aangemoedig om te veg vir hulle regte.
- Moedig swartes aan om die blanke regering te dwing om hulle bestaan te erken.
- Groei van die S.A. Studentebeweging.
- Dien as motivering vir die verandering van die onderwysbeleid (gebruik van Afrikaans)
- Maak van studente radikaliste wat veg vir rewolusie.
- Bevestiging van swart identiteit.
- Intensiveer die stryd om menswaardigheid.
- Invloed op skole en tersiêre inrigtings – die dood van Hector Peterson.

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met verwysing na die vordering wat teweeggebring is in die bevrydingstryd in Suid-Afrika. (30)

**OF**

4.4.2 [*Ontleding, interpretasie en sintese van bewyse uit alle bronne -* V1 – 3 - LU2 (AS 2, 3); LU3 (AS 1, 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate moet ‘n spesifieke standpunt inneem en die redenasie ondersteun met relevante bewyse. Antwoorde moet fokus op die bydrae van die Swart Bewustheidsbeweging om waardigheid en selfvertroue te herstel wat Suid-Afrika gehelp het om bevry te word.

HOOFMOMENTE

- Inleiding: Kandidate moet die mate aandui waartoe Steve Biko se SBB filosofie bygedra het tot die vryheidstryd.

UITBREIDING

- Steve Biko het ’n gevoel van identiteit vir die swartman laat herleef.
- Hy het swart trots herstel.
- Bevorder die gevoel van selfvertroue.
- Steve Biko het geestelike vryheid voorgestaan.
- Die swart bewustheidsbeweging het bygedra tot die totstandkoming van AZAPO en AZASCO.
- Die Soweto-opstand was ’n draaipunt in Suid-Afrika se geskiedenis.
- In die nuwe Suid-Afrika, na apartheid, beklee menige voormalige SBB lede senior posisies in die regering en politieke organisasies.

- Slot: Kandidate moet hulle argumente saamvat met ‘n relevante slot.

(30)
**[75]**

# GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou